

20 Augustus

2 Konings 5:4-8, (Teks: 5:8)

Intieme gemeenskap met God

Ons kan soms so menslik logies redeneer en dan vergeet ons van God se beloftes in sy Woord.

Die koning van Israel lees die brief van sy ampsgenoot, die koning van Aram en hy kom tot die logiese gevolgtrekking dat die koning van die Arameërs van hom die menslik onmoontlike verwag, naamlik om 'n man met 'n ongeneeslike kwaal gesond te maak. Hy dink: "Kyk hoe seek hierdie man skoor met my, en dit nadat hy my land reeds verwoes het."

Intussen dink die koning van Israel nie verder nie. Hy het vergeet dat God van Israel nog altyd daar is. Die bewys daarvan is dat daar in die midde van Israel 'n profeet van die Here is wat die gawe ontvang het om wonderwerke te doen. Immers, God het juis die Arameërs gestuur om Israel te teister omdat hulle Hom vergeet het. God het sy volk belowe dat Hy die heidenvolke sou gebruik om hulle weer aan Hom te herinner. Die Here gebruik vandag ook soms blinde heidene om sy kinders se oë oop te maak. Het jy ook al ervaar hoe die Here aan jou, nadat jy soms lank in die gebed geworstel het, op verrassende wyse oplossings gebied het vir skynbaar onoplosbare probleme?

Ons hoef nie net die probleme wat ons nie kan oplos aan die Here oor te laat nie. Hy wil van elke behoefte van ons weet en dit moet ons in die gebed van Hom vra, al is dit in die gedagte. Hy vra van ons 'n intieme gemeenskapslewe met Hom en wanneer ons so naby die Here leef, gee Hy vir ons oplossings vir elke kwelling.

Sing: Psalm 81:12

Ds. G.J. Ligthelm (Olifantshoek)